

Ontmoeting 11

JESUS SE HEMELVAART

Die ontmoeting handel oor Jesus se hemelvaart.

Handelinge 1:1-11

Hulpmiddels:

- Genoeg papier en kleurkryte vir jou kinders
- Speelklei
- Uitdeeltuk met watte en gom



WELKOM

As die kinders bymekaar is (kleingroep of in saalbyeenkoms), laat jy een kind 'n entjie van jou af staan en vra hom/haar om na jou toe te hardloop en in jou arms te spring. (In 'n kleingroepie kan al die kinders kans kry as jy sterk genoeg is). *Of gee vir elke kind net 'n drukkie.*

Verduidelik dat Jesus baie daarna uitgesien het om weer in sy Vader se arms te wees.

Sing: "As Jesus kom op die wolke" (Lofliedjies vir Jesus 2 Snit:31)

"Hy hou die hele wêreld in sy hand" (Lofliedjies vir Jesus 2 Snit:9)

"As Hy weer kom, as Hy weer kom" (Lofliedjies vir Jesus 2 Snit: 30)



WYDING

Stilword-ritueel

Temalied: "Ek hef my hande op" van Luidkidz.

Verbeeldingsvlug: (Lees stadig en wag 'n paar sekondes tussen elke sin.)

Maak toe julle oë... "Ons verbeel ons ons is Jesus se dissipels ... Ons ken Jesus nou al 3 jaar ... Ons het gesien hoe Hy wonderlike dinge doen ... Watter ding onthou jy goed? ... Hy het die mooiste stories van God vertel ... Ons was hartseer en bang toe Hy doodgemaak is ... Ons was verbaas en bly toe Hy uit die dood opgestaan het ... Ons het wonderlike dinge beleef die afgelope 40 dae

vandat Hy opgestaan het uit die dood ... Ons het gedink Hy gaan nou by ons bly ... Skielik het die dag aangebreek dat Hy weggaan na God sy Vader toe ... Ons het gesien hoe lief Hy vir God, sy Vader, het ... Ons staan daar in die veld ... 'n Wolk kom lig Hom op na die hemel ... Hierdie is jou laaste kans om nog iets vir Hom te sê of te vra, want jy gaan Hom nie meer sien nie ... Doen dit nou ..."



WOORD

Lees Hand. 1:1-11.

(Vir die voorganger: Kyk of jy die emosie en intensiteit van die verhaal kan oordra. Watter gedagtes is belangrik en hoe gaan jy dit beklemtoon? Vs. 1-3 is 'n eenheid, dan vs. 4-5, dan vs. 6-8, dan vs. 9-11.)

1-3: Teofilus, ek het in my eerste boek geskryf oor alles wat Jesus gedoen het en wat Hy vir mense geleer het toe Hy op aarde was, tot die dag toe Jesus na die hemel gegaan het. Jesus het mense gekies om sy apostels te wees, en voordat God Hom na die hemel geneem het, het Jesus vir die apostels gesê wat hulle moet doen wanneer Hy weg is. Die Heilige Gees het vir Jesus gesê wat Hy vir hulle moet sê. Nadat Jesus swaargekry en gesterf het, het Hy vir die apostels gewys dat Hy weer lewe. Hy het baie maal vir hulle bewys dat Hy weer lewe. Hy het 40 dae lank baie maal aan hulle verskyn en vir hulle vertel van God wat Koning is oor almal.

4-5: Jesus het by die apostels gebly en Hy het vir hulle gesê hulle mag nie weggaan van Jerusalem nie. Hulle moes daar wag totdat alles gebeur het wat die Vader belowe het. Jesus het gesê: "Ek het al klaar vir julle vertel van hierdie belofte. Die belofte is: Johannes die Doper het julle met water gedoop, maar God sal julle met die Heilige Gees doop. Julle sal nie lank moet wag nie."

6-8: Toe die apostels weer bymekaar was, het hulle vir Jesus gevra: "Here, sal U nou vir Israel weer 'n sterk volk maak wat sy eie koning het?" Maar Jesus het vir hulle gesê: "Julle mag nie weet wanneer die Vader die dinge sal doen wat Hy graag wil doen nie. Net Hy kan besluit wanneer Hy dit sal doen. Maar julle sal krag kry wanneer die Heilige Gees in julle kom. Dan sal julle my getuies wees in Jerusalem, in die hele Judea en Samaria, en tot by die

einde van die wêreld."

9-11: Nadat Jesus hierdie dinge gesê het, het God vir Jesus opgeneem na die hemel, terwyl die apostels gestaan en kyk het. En 'n wolk het vir Jesus toegemaak sodat hulle Hom nie meer kon sien nie. Terwyl Jesus weggegaan het en die apostels na die hemel gekyk het, het daar skielik twee manne by hulle gestaan, die manne het wit klere aangehad.

Die manne het gesê: "Manne van Galilea, hoekom kyk julle so na die hemel? God het vir Jesus weggeneem na die hemel, maar dieselfde Jesus sal weer kom soos julle gesien het dat Hy weggegaan na die hemel."

Die kinders dink na oor die verhaal:

- Ek wonder van watter deel van die verhaal het jy die meeste gehou.
- Ek wonder watter deel van die verhaal dink jy is die belangrikste.

- Ek wonder wie is jy in die verhaal.
- Ek wonder of daar 'n gedeelte is wat jy sou wou uitlaat.
- Waaroor wonder jy in die verhaal?



WERSKAF

- Teken 'n prentjie van iets wat vir jou mooi was in die verhaal.
- Skryf oor iets wat vir jou mooi was in die verhaal.
- Miskien wil jy iets maak van klei wat jou sal herinner aan Jesus se hemelvaart.
- Kyk of jy hierdie storie vir iemand kan oorvertel.
- Uitdeeltuk: Kleur in en plak watter vir die wolke.

Eindig met die seëngroet.

